**Maandag 11 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 13:26-33**
**Fokusgedeelte: Handelinge 13:29 (1983-vertaling)**

## Die hart van hulle wat U bely … juig in die Messias se liefde vir God se kinders

Wat is die basis van jou verhouding met God? Is dit in jou eie verdienste of in die liefde van God gesetel?

In die teksgedeelte is Paulus om vir die Jode te preek (vergelyk 'n ander preek van hom – vir heidene – in Hand. 17). Die hartseer van die Jode was dat hulle Jesus nie as die Messias erken of herken het nie (vs 27). Die Jode het verwag dat die Messias Israel sou verlos van politieke onderdrukking deur die Romeine. Hulle het gereken dat hulle eie saak met God reg is deurdat hulle (so het hulle gedink) die wet onderhou het. God móés hulle verlos, want hulle was só getrou!

God se plan is egter baie groter as Israel! Hy is die God wat uit elke volk, stam, taal en nasie sy kinders bymekaar maak. Hy wil ook nie net aardse verlossing bring nie, Hy wil geestelike verlossing bring. Dít het Hy in die ou bedeling deur die profete reeds laat verkondig. Die Jode het egter in selftevredenheid en selfgeregtigheid op hulle eie koninkryk gefokus, eerder as op die koninkryk van God, en daarom het hulle die Messias gekruisig.

God het Hom egter opgewek (vs 30). Hy is die Een deur Wie God verlossing bring. Dit kom nie deur ons eie verdienste nie, maar deur geloof in Jesus, die Messias. So leef God se kinders in genade, nie in verdienste nie.

Leef jy uit dank vir sy genade?

*Sing: Psalm 117:7, 10*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*